21 Junie 2026
Oggend diens
Sing: Ps. 100:1,2; Ps. 100:3,4; Ps. 103:5,7; Ps. 81:1,12; Ps. 75:1,2.
Lees: Rut 2
Teks: Rut 2:12
Tema: Die Here bied uitkoms deur die geleenthede wat Hy gee sodat sy raad volbring word.
Die geleentheid wat die Here gee
Die geskiedenis van Rut handel oor meer as net haar wedervaringe in Israel. Die Here openbaar aan ons hoe hy sy raad met sy volk volbring deur hierdie jong Moabitiese meisie. Terwyl Rut by haan skoonmoeder woon gaan sy om are te gaan optel en kom by Boas se landerye uit. Die Here het hierdie voorskrif gegee, sodat die armes in die volk steeds versorg is en voedsel bymekaar kan maak. Die Here gee aan sy kinders geleenthede wat soms klein lyk, maar steeds getuig van sy sorg.
Die uitkoms wat die Here bied
Deur die geleentheid wat die Here aan Rut gegee bied die Here vir haar en Naomi uitkoms uit hulle moeilike omstandighede. Boas is ‘n vermoënde man wat opgemerk het hoe sy haar werk doen en aan haar besondere voorregte gee. Eindelik is die uitkoms so goed dat sy en Naomi daardeur die genade en seën van die Here kan sien. Die uitkoms wat die Here gee is ook nie beperk tot haar onmiddellike behoefte nie, maar die begin van die herstel wat hy aan Naomi en aan Rut in die toekoms sal gee.
Die raad wat die Here volbring
Die uitkoms wat die Here gegee het strek ook verder as net die versorging van ‘n weduwee en haar skoondogter. Die Here is i besig om die raad wat Hy met sy volk het tot uitvoer te bring. die verbindtenis wat hier tussen Boas en Rut begin loop uiteindelik uit op hulle huwelik en die geboorte van Obed, die grootvader van koning Dawid. Met hom word die koningsverbond opgerig en die belofte gegee dat die Messias uit hom gebore sal word.

Aanddiens
Sing: Ps. 97:1,7; Ps. 145:1,2,12; Ps.48:1,4.
Lees: 1 Kor. 15:20-28.
Teks: 1 Kor. 15:25; Son 48.
Tema: Ons bid dat die Here die mag van Satan finaal sal verbreek deur die koms van sy koninkryk.
Die regering van die Koninkryk
Die aanslag van die duiwel sal nie ophou tot by die wederkoms nie. As gevolg van ons sondige natuur is ons voortdurend kwesbaar vir hierdie aanslag, daarom moet ons bid dat hierdie aanslag afgeweer sal word. Die oorwinning wat die Here oor die duiwel behaal het, sien ons die duidelikste wanneer Hy sy regering vestig. In die tweede bede gaan dit hoofsaaklik oor die regte verstaan van hierdie regeermag van ons hemelse Vader en die feit dat ons onsself aan Hom moet onderwerp.
Die bewaring en vermeerdering van die Koninkryk
Die Here regeer deur liefdevolle regverdige heerskappy. Dit doen Hy deur die evangelie in sy kerk en deur sy kerk te laat verkondig. Daarom bid ons vir die bewaring en die vermeerdering van die kerk. Die kerk beleef ‘n geweldige aanslag deur die vervolging en dwaalleer, maar die kerk van Christus kan altyd weet dat die poorte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie. Verder bid ons ook dat die Here sy kerk sal vermeerder, deur die verkondiging van die evangelie. Die oorwinning van Christus deur die opstanding uit die dood moet aan almal vertel word.
Die vernietiging terwille van die Koninkryk.
God regeer in sy Koninkryk, en hy bewaar en vermeerder sy koninkryk, maar om dit te doen bid ons dat Hy die werke van die Satan sal vernietig. Die satan en sy demoniese magte is die vyande van die koninkryk van die Here en daarom moet ons volhard in die gebed dat Hy dit tot niet sal maak. Dit gebeur wanneer Hy die finale oorwinning aankondig met die wederkoms. In afwagting kan ons in afwagting saam met die kerk van alle eeue bid, Maranata, Kom Here Jesus, Kom gou.